Bultfontein se Boertjie Kontreifees wat **2-5 September 2010** plaasvind, is nog maande ver, maar Volla, die Boertjie Fees se drywer, se sweep klap nou behoorlik en sy komitee-spannetjie trek dat die sweet en klippe spat met al die swaar, maar uiters waarde-vir-geld-ware wat hulle die afgelope jaar bymekaar gaan maak. Hulle het plek vir iemand wat dalk wil kom saamry deur deelname,uitstalling of sommer net 'n handjie bysit.

Skakel Volla by 0836361555 sodat die wa sy draai by jou kan gooi vir inskrywing of inligting! **Ons gaan met mening feesvier!** Volla het nie verniet die groot VOLLAS Ontspanningsaal gebou wat duisende feesgangers tydens optredes en vertonings kan huisves nie!

****

STREEK SAALPERDKAMPIOENSKAP- EN HACKNEYSKOU BY BULTFONTEIN SE BOERTJIE KONTREIFEES 2-5 SEPTEMBER 2010

Die perde vertoners was laasjaar so beindruk met die hele opset van die fees asook hoe goed dit georganiseer was, dat hulle tydens groettyd gesê het dat hulle hierdie jaar weer gaan kom kuier. Bultfontein is sentraal gelee met 'n terrein wat oor die nodige perd-, skaap- en beesfasiliteite beskik waar die vertonings, kompetisies en kampionskappe van 2 tot 5 September gaan plaasvind. Wat dit so besonders maak teen ander vertonings en kampioensakppe is dat die fees aan die vertoners en kuiergaste ander feesviering bied om bedags en saans aan deel te neem. Bedags gaan die wie nie hulle perde vertoon of aan 'n kampioenskap deelneem nie, heerlik saamskree met ander feesgangers. Die trompoppies, pienkvoetrugby, -netbal, bulletjierugby, chokkersokker, stoei, boere sport, 4x4 kompetisie asook and vermaak gaan die adrenalien laat vloei. Voeg daarby vir DJ ossewa, Kurt Darren, Juanita du Plessis, Patricia en Supersterre, Elizma Theron, Lianie May, Andries Vermeaulen asook al die uitstallers en kompetisies en ons Hackney- en Saalperdvriende gaan die hande gevou sit nie! Slegs beoordelaars, baan beamptes, vertoners, ruiters en swart helpers sal gratis kaartjies vir deelname ontvang met toegang by die optredes opsioneel en alle ander gaste, familie en vriende sal ten volle hulle toegang by die hek en optredes saans betaal.

Laas jaar se vertonings was baie goed met 'n wye keuse en ons is verheug om te verneem dat vanjaar se streekkampioenskap vir Saalperde aan ons toegeken is. Wenners was verras oor die goeie prysgelde, ons vra vir alle voornemende deelnemers se bedagsaamheid om asseblief vroegtydig in te skryf en te bespreek sodat die kommitee 'n riglyn kan kry vir hoeveel hulle moet gereed maak en ook om genoeg eet- en drinkgoed te bespreek. Volla is besig om nuwe stalle te bou en hy wil graag min of meer weet wat die aantal inskrywings gaan wees. Kom ons help hom daarmee. Ons hier by die Boertjie Kontreifees wil graag meer leer en weet sodat ons die beste fees word vir ons perdvertonings en -kampioenskappe in die hartjie van die Vrystaat. Julle is een van die belangrike pilare waarop die fees vir die

toekoms gebou moet word en dit is julle samewerking en omgee wat ons as feeskomitee gaan help om die tekortkoming en foute te help uitskakel.

"Wat het die een sykous vir die ander sykous vertel? Ons word nooit te oud om te leer nie!"

Kom help ons deur voor die tyd Chrisjan Bredenkamp by 0825743167 of Lolla Geyer by 0824664022 in verband met Kackneyperde te skakel of hulle inskrywingsvorm wat hulle gaan uitstuur, dadelik in te vul en terug te faks.
Inskrywingsgeld sal voor 'n sperdatum betaal word, elke stal sal vooraf betaal word en daar gaan 'n inskrywingssperdatum wees om dit vir die organiseerders te vergemaklik.
Indien jy kanselleer, sal inskrywingsgeld verbeur word.

Skakel vir ander inliging Volla by 0836361555. Die probleem met die wat sal opgelos wees omdat die water na die berde, beeste en skape en die na die hooffeesterrein verdeel gaan word sonder dat dit mekaar sal beinvloed.

Daar is akkommodasie by die koshuis teen R100 vir bed en ontbyt deur Rika Boje 0518531294 te skakel asook 'n karavaanstaanplek op die terrein. 'n Restaurant gaan spesiale goedkoop "platters" vir werknemers maak en daar gaan genoeg te eet en drinke wees.

DAAROM: Wees hierdie jaar by die Boertjie Kontreifees en kom vang gees.
Want dit is waar elke Hackney- en Saalperdliefhebber moet wees.

****

DIE NASIONALE SA BOERWINDHOND KAMPIOENSKAP 5 SEPTEMBER BY DIE BOERTJIE KONTREIFEES OP BULTFONTEIN.

Die eerste Nasionale SA Boerwindhond Kampioenskap in die wêreld is op Saterdag 6 September 2008 op die Bultfontein Boertjie Kontreifees gehou en 400 boerwindhonde vanoor die land het ingeskryf. Op 5 September 2009 doen ons dit weer! Die Boerwindhond Vereniging is gestig op 12 Mei 2007 waar daar rasstandaarde voldoen, te registreer en so die ras te verbeter en net die beste honde te teel.

Die SA Boerwindhond is die mees veelsydigste honde ras ter wêreld, want die hond word gebruik vir wedrenne, kompetisies om sy ratsheid te toon, beheer van ongediertes, as treoteldier, wag- en skouhond. Een van sy sterkste eienskappe is sy temperament waar hy as een van die beste gesinshonde beskou word. Die honde is liefdevol, gehoorsaam en intelligent en word baie agter op bakkies gesien. Daarby is hulle skoon en betroubaar, het spoed en beweeglikheid en is van koninklike afkoms waar 'n mens hul gereeld in portrette en skilerye saam met koninklikes kan sien. Eenmaal 'n windhondliefhebber... altyd een!

Tydens die Boertjie Kontreifees gaan die honde beoordeel word en gaan daar die middag om 17h00 'n perade en prysuitdeling wees waar die groot kampioen aangewys gaan word. Daar is gladdehaar- en steekhaar boerwindhonde. Beoordelaars gaan onder andere daarop let dat die kop mooi gevorm is, die ore smal en vyl in tekstuur; die oë donker, helder en intelligent; die nek lank en gespierd; skouers so skuins as moonlik; voorbene heeltemal reguit wat mooi uit die skouers uitkom; 'n diep bors met 'n krom rug; lang kruis met 'n gespierde agterkwart en dat die hond mooi opgetrekte voete en 'n lang vyn stert het.

'n Hond moet dan 'n minimum van 70% kry by 'n keuring om te slaag om in aanmerking te kom vir registrasie.

Indien enige leser meer navrae wil doen oor die besondere honderas, kan JBM Hertzog by 0864782632 gekontak word. Ons nooi almal uit om na die besonder geleetheid wat die eerste in die wêreld gaan wees, te kom kyk en sommer vir die dag bulletjie- en pienkvoetrugby, netbal, stoei, chokkersokker, toutrek, 4x4 kompetisie, kaskarresies, boere sport te kom geniet.

Asook vermaak met bv. Eden, Ray Dylan, Arno Jordaan, Nadine, Pieter Naude en die Singende Ruiter, so kom loer gerus wat ons vir jou in stoor het die jaar by die fees.

Skakel Volla by 0836361555 vir enige navrae oor die fees.

Kom vang gees by die Boertjie Kontreifees, dit is waar jy en jou Boerwindhonde moet wees!